



**NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE
GEHOU IN DIE MALMESBURY BANKETSAAL OP WOENSDAG, 18 JULIE 2012 OM 11:00**

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (voorsitter)

Uitvoerende Onderburgemeester, rdl M S I Goliath

Lede van die Burgemeesterskomitee:

Rdl C H H Hunsinger

Rdl R F van der Westhuizen

Rdl M van Zyl

Rdl W Wilskut

Ander raadslede:

Rdh N J A Rust

Beampes:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz

Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche

Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp

Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha

Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING

Rdl R F van der Westhuizen open die vergadering met gebed op versoek van die voorsitter.

Die voorsitter rig 'n spesiale woord van verwelkoming aan mnr E McPherson en me A van der Merwe van die Departement van Kultuursake en Sport.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die komitee is voltallig. Verskoning word aangeteken vir die Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper, die Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys en die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

**3.1 VOORLEGGING DEUR DEPARTEMENT KULTUURSAKE EN SPORT: GEOGRAFIESE
NAME: ALGEMENE BEWUSMAKING EN KONSULTASIE**

Mnr McPherson doen 'n voorlegging aangaande die samestelling en werksaamhede van die kommissie wat ingevolge die Wet op die Raad vir Suid-Afrikaanse Geografiese Name (Wet 118 van 1998) ingestel is.

Die oogmerke van die kommissie is, onder andere –

- (a) die standaardisering van geografiese name;
- (b) om die gebruik van gestandaardiseerde Suid-Afrikaanse geografiese name op internasionale vlak te bevorder;
- (c) om die implementering van gestandaardiseerde geografiese name in Suid-Afrika te verseker;
- (d) om die transformasieproses van geografiese name te fasiliteer.

3.1/...

Die kommissie is verder verantwoordelik om die stigting van Provinsiale Geografiese Name-komitees te fasiliteer. Die doel van die voorlegging is om die Wes-Kaapse komitee ("Western Cape Provincial Geographical Names Committee, WCPGNC") aan die Raad bekend te stel.

Die doelstelling van die WCPGNC is om met plaaslike owerhede saam te werk in die toekenning van geografiese name in hul jurisdiksie gebiede, en om te verseker dat voormelde oogmerke nagekom word.

Mnr McPherson noem dat dit plaaslike owerhede se bevoegdheid is om byvoorbeeld name aan strate, parke, begraafplase, ens. toe te ken en dat dit met groot omsigtigheid gedoen moet word.

Die Uitvoerende Burgemeester en Munisipale Bestuurder bevestig dat Swartland Munisipaliteit 'n staande beleid in hierdie verband het.

VIR KENNISNAME

4. NOTULES VIR BEKRAGTIGING

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU 13 JUNIE 2012

BESLUIT

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 13 Junie 2012 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word, onderhewig aan die volgende wysiging –

ITEM 8.11: VOORGESTELDE VERHURING VAN MUNISIPALE GROND TE DARLING (12/2/4-3/1)

BESLUIT

[wysiging van paragraaf (g)]

Dat die buitengewone omstandighede soos toegelig in paragrawe 3.1 tot 3.4 van raadsverslag 8.11 gedateer 8 Junie 2012 genotuleer word as redes vir die uit-die-hand-verhuring van erf 4360, Darling, gebaseer waarop die Raad van mening is dat openbare mededinging in hierdie geval nie 'n nuttige doel of in belang van die gemeenskap en die Raad is nie.

5. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

6. MAANDVERSLAE T.O.V. MEI 2012

6.1 FINANSIËLE DIENSTE (7/1/2/2-2)

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direkoraat Finansiële Dienste vir Mei 2012.

6.2 SIVIELE INGENIEURSDIENSTE (7/1/2/2-4)

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direkoraat Siviele Ingenieursdienste vir Mei 2012;

6.2/...

- (b) Dat verder kennis geneem word dat die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste die insidenteprogram kan gebruik (op versoek van die Uitvoerende Burgemeester) om probleemareas t.o.v. pypbarste, rioolverstopings, ens. in spesifieke gebiede te monitor en met behulp van die GIS-stelsel op 'n kaart aan te dui vir toekomstige begrotingsdoeleindes.

6.3 ELEKTRIESE INGENIEURSDIENSTE (7/1/2/2-6)

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direkoraat Elektriese Ingenieursdienste vir Mei 2012;
- (b) Dat daar tydens 'n kragonderbreking 'n SMS gestuur word aan die inwoners van die betrokke area wat sal aandui wat die beraamde tydsduur van die kragonderbreking sal wees, en ook indien Eskom verantwoordelik is vir die kragonderbreking, ten einde enige onsekerhede wat deur die publiek ondervind mag word uit die weg te ruim.

6.4 ONTWIKKELINGSDIENSTE (7/1/2/2-5)

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direkoraat Ontwikkelingsdienste vir Mei 2012.

6.5 BESKERMINGSDIENSTE (7/1/2/2-3)

6.5.1 MUNISIPALE POLISIEDIENSTE

6.5.2 BRANDWEERDIENSTE

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direkoraat Beskermingsdienste vir Mei 2012;
- (b) Dat opdrag aan die Direkteur: Beskermingsdienste gegee is om te rapporteer dat die elektroniese stelsel met betrekking tot die afneem van leerlinglisensies gestaak gaan word, weens die oneffektiwiteit van die stelsel en om te voorkom dat daar nie nog verdere kliënte verloor word nie.

7. STAANDE ITEMS

7.1 MONITERING VAN EPWP

BESLUIT dat die item geskrap word, aangesien die maandelikse monitering van die EPWP-program deel uitmaak van die maandverslag van die Direkoraat Siviele Ingenieursdienste.

8. NUWE SAKE

8.1 AFWYKING VAN DIE VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURE: MFMA GROEP 4 (4/6/2)

Die Weskus Distriksmunisipaliteit het die tenderproses hanteer vir die aanstelling van die Skool vir Publieke Leierskap verbonde aan die Universiteit van Stellenbosch om die MFMA-opleiding te hanteer.

Daar is reeds drie groepe amptenare vanaf Swartland Munisipaliteit betrokke by die program, en het die behoefte ontstaan om 'n vierde groep in te skryf. Die Universiteit van Stellenbosch het reeds 'n baie bevredigende diens gelewer vir Groepe 1 tot 3 en voldoen aan al die akkreditasie vereistes van die LGSETA.

8.1/...

Groep 4 bestaan uit 11 leerders en die koste verbode aan die opleiding beloop R339 900,00.

BESLUIT

- (a) Dat kondonering verleen word vir afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedure in terme van klousule 36(2) van die Voorsieningskanaalbestuurstelselbeleid, t.o.v.:
 - (i) die aanstelling en betaling van die Universiteit van Stellenbosch vir die inname van Groep 4 vir die MFMA-program ten bedrae van R339 900,00, omrede hulle die enigste verskaffer is wat hierdie tipe diens in die Wes-Kaap lewer;
- (b) Dat die Bestuurder: Finansiële State en Beheer, mnr C Gerber, in terme van klousule 36(2) van die Voorsieningskanaalbestuurstelselbeleid opdrag gegee word om die gemelde redes as nota by die betrokke finansiële state in te sluit wanneer dit opgestel word.

8.2 UITSTAANDE DEBITEURE, JUNIE 2012 (5/7/1/1)

'n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van uitstaande debiteure vir die maand van Junie 2012.

8.3 UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)

Ingevolge die Batebestuurstelselbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise soos met die sakelys gesirkuleer.

8.4 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: VERVANGING VAN FRANKEERMASJIE (6/1/2/3)

Die frankeermasjien wat in die registrasiekantoor gebruik word om die munisipaliteit se pos van 'n posseël te voorsien, het onklaar geraak. Die masjien is bykans 18 jaar oud en word die spesifieke model nie meer vervaardig nie, met die gevolg dat daar nie enige onderdele vir herstelwerk beskikbaar is nie.

Die Munisipale Bestuurder in sy hoedanigheid as rekenpligtige beampte het goedkeuring verleen vir die afwyking van die voorsieningskanaalbestuurstelselbeleid, en word die redes hiervoor aangevoer in die memorandum aangeheg tot die item.

BESLUIT

- (a) Dat kondonering verleen word vir afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures deur die aankoop van 'n frankeermasjien vanaf *Mailing & Mechanisations Cape cc* ten bedrae van R47 416,22 (BTW ingesluit) soos volledig toegelig en vir die redes soos aangetoon in die aanhangsel tot die verslag;
- (b) Dat die Bestuurder: Finansiële State en Beheer, mnr C Gerber, in terme van klousule 36(2) van die Voorsieningskanaalbestuurstelselbeleid opdrag gegee word om die gemelde redes as nota by die betrokke finansiële state in te sluit wanneer dit opgestel word.

8.5 DRANKLISENSIE-AANSOEKE: AANWYS VAN KOMITEE (1/1/2/20)

Die Wes-Kaapse Drankwet van 2008 en die Wes-Kaapse Drankregulasies vereis 'n groter betrokkenheid van munisipaliteite in die administrasie van dranklisensie-aansoeke.

'n Samevatting van die bepalings van bogemelde wetgewing wat handel met aansoeke, appèlle en verwante aangeleenthede is met die sakelys gesirkuleer. Onder meer vereis die wetgewing dat die Raad en só ook die wyksraadslid op alle aansoeke om 'n dranklisensie kommentaar moet lewer.

BESLUIT

- (a) Dat die raadslede wat met die opstel van die drankverordeninge gemoeid was, te wete rdl M van Zyl (voorsitter), rdl A C Sedeman en rdl N J A Rust, aangewys word om – in samewerking met die Direkteur: Korporatiewe Dienste, die Direkteur: Beskermingsdienste en die Direkteur: Ontwikkelingsdienste (of enige van hierdie beamptes se gedelegeerdes), die aansoeke te oorweeg wat uit hoofde van die voormelde drankwetgewing deur die munisipaliteit ontvang word, en die kommentaar daarop namens die Raad te finaliseer vir indiening by die Drankowerheid;
- (b) Dat in elke geval die betrokke wyksraadslid en/of lede gekoöpteer sal word om insette te kan lewer op die aansoeke wat ontvang word, asook enige ander beampte of party wat na die mening van die komitee in die betrokke dranklisensie-aansoek geken behoort te word.

8.6 KREDIETBEHEER EN METERLESINGS: WYSIGING VAN STRUKTUUR TEN EINDE INKOMSTEBESKERMING TE INKORPOREER (4/1/1/2/1)

Daar is vier Munisipale Polisiebeamptes aan die Kredietbeheerafdeling toegeken om die kredietbeheerbeamptes by te staan t.o.v. enige wetstoepassingsaangeleentheid. Weens die tekort aan munisipale polisiebeamptes, kan die vier beamptes beter aangewend word by patrollies en operasies om 'n effektiewe polisiemag te verseker.

Die gedagte het gevolglik ontstaan om die kredietbeheerbeamptes te kapasiteer om die wetstoepassingsaangeleenthede in hul daaglikse werk self te kan hanteer. Dit behels dat hul posbeskrywing uitgebrei word om inkomstebeskerming in te sluit en dat hul ook as Vredesbeamptes aangewend kan word.

Daar is ook verder besluit om die poste van meterleser te verruim om ook inkomstebeskerming te kan doen en dat die posbkleërs ook die nodige wetstoepassingsopleiding ontvang om as Vredesbeamptes aangewend te kan word.

Die finansiële implikasie van die verhoogde posgraderings is ondersoek en is daar gevind dat hierdie wysigings geen finansiële impak het nie, aangesien alle posbkleërs kontraktueel tot bekleër vergoed word sedert die implementering van TASK.

BESLUIT

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die wysiging van die poste van Kredietbeheerbeampte, sowel as die gepaardgaande wysiging van die toesighoudende personeel op die organisatoriese struktuur, aanbeveel vir goedkeuring deur die Raad op 30 Augustus 2012;
- (b) Dat daar kennis geneem word dat die wysiging van die poste van Meterleser, sowel as die gepaardgaande wysiging van die toesighoudende personeel op die organisatoriese struktuur oorgehou word tot tyd en wyl daar 'n bevestiging is dat die Kredietbeheer wysiging suksesvol was.

8.7 VESTIGING VAN 'N BEGRAAFPLAAS TE RIVERLANDS (12/2/5/2-13/1)

'n Behoeftes bestaan vir die vestiging van 'n formele begraafplaas te Riverlands en is 'n geskikte perseel reeds in 2008 deur Landmeters CK Rumboll en Vennote opgemeet.

8.7/...

Dit het aan die lig gekom dat die opgemete perseel (groot 9,7004 ha) beslaan gedeeltes straat wat ondertussen gesluit is, gedeelte (erf 3949) in privaat besit en is die res, ongeregistreerde erwe wat deel vorm van Plaas 755/2 in besit van Transnet/Servcon.

Onderwyl die munisipaliteit in onderhandeling is om die Transnet/Servcon grond te bekom, is Prokureurs Du Plessis en Mostert versoek om 'n proses aan die gang te sit om eienaarskap van erf 3949 te bekom. Die verskillende opsies word in die verslag tot die sakelys bespreek.

BESLUIT

- (a) Dat die Raad besit van erf 3949, Riverlands bekom d.m.v. 'n onteieningsproses ten einde 'n formele begraafplaas te Riverlands te skep;
- (b) Dat Prokureurs Du Plessis & Mostert versoek word om met die onteieningsproses 'n aanvang te neem;
- (c) Dat 'n bedrag van R500,00 as vergoeding aangebied word vir erf 3949.

8.8 VOORGESTELDE VERVREEMDING VAN MUNISIPALE EIENDOM TE RIVERLANDS (12/2/5/2-13/2)

Die Provinsiale gesondheidskliniek te Riverlands word tans bedryf vanuit 'n gebou wat gehuur word vanaf die VGK Kerk. Laasgenoemde het die verhuring met ingang van 30 September 2012 opgeskort.

Die Departement van Gesondheid het die Raad genader om 'n perseel aan hulle te vervreem waarop eers 'n mobiele kliniek en mettertyd 'n permanente gebou opgerig kan word, aangesien daar 'n dringende behoefte is dat die kliniekdiens steeds aan die gemeenskap van Riverlands gelewer moet word.

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word dat erf 7911, Riverlands nie in die toekoms vir 'n basiese munisipale diens benodig word nie;
- (b) Dat aanbeveel word dat erf 7911, Riverlands uit-die-hand-uit aan die Wes-Kaapse Provinsiale Regering vervreem mag word, met inagneming van die vereistes in terme van artikel 14 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003;
- (c) Dat die voorgenome vervreemding van erf 7911 in terme van die Raad se Verordening insake die Administrasie en Bestuur van Onroerende Eiendom in die plaaslike pers geadverteer word vir kommentaar;
- (d) Dat volmag aan die Munisipale Bestuurder (of sy gedelegeerde) verleen word om die voorwaardes vir vervreemding van die eiendom in oorlegpleging met die Raad se prokureur te finaliseer;
- (e) Dat die verkoopprijs vasgestel word op markwaarde ten bedrae van R84 000,00 plus 14% BTW;
- (f) Dat die koper verantwoordelik sal wees vir die betaling van alle kostes wat uit hierdie transaksie mag voortspruit;
- (g) Dat die nodige grondgebruiksveranderingsproses deurloop word;
- (h) Dat reg van toegang tot die perseel ondertussen aan die koper verleen word ten einde beplanning en oprigting van die mobiele gebou te doen;
- (i) Dat die onbenutte skeepshouer op erf 7911 deur die munisipaliteit verwyder word.

8.9 VOORGESTELDE VERVREEMDING VAN MUNISIPALE GROND TE DARLING (12/2/5/2-3/2)

Met die konsolidasie van kampe 9 en 10 op Darling, is erf 4359 (groot 51,9087 ha) geskep wat op die veiling van 31 Maart 2012 verkoop is, sowel as erf 4360 (groot 7,9656 ha) vir doeleindes van toekomstige ontwikkeling deur die Raad.

Met die opmeting van die grond is 'n kleiner gedeelte ($\pm 1,115$ ha) per abuis deur die landmeter uitgesluit van die gekonsolideerde en heropgemete kampe.

Die eienaar van die aangrensende erf 538 wat voorheen kamp 10 gehuur het, stel belang om die kleiner gedeelte te koop vir konsolidasie met haar erf waarop sy haar perdry aktiwiteite kan bedryf.

Die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste noem dat met inagneming van die kleiner gedeelte, erf 4360 nie geskik is vir begraafplaasdoeleindes nie, en dat daar reeds begin is met die administratiewe prosesse om die grond aangrensend aan die Gabriël Pharaoh Sportgronde as begraafplaas aan te wend.

BESLUIT

- (a) Dat die vervreemding van die kleiner gedeelte (groot $\pm 1,115$ ha) van erf 4360 nie op hierdie stadium oorweeg word nie, en dat die status quo gehandhaaf word tot en met die formalisering van die begraafplaas aangrensend aan die Gabriël Pharaoh Sportgronde;
- (b) Dat die eienaar van erf 538 wel 'n opsie gegee word om die kleiner gedeelte vanaf die Raad te huur en dat dieselfde huurvoorwaardes soos van toepassing op die ander kampe in Darling van toepassing sal wees.

8.10 HUUROOREENKOMS: MALMESBURY POSDUIFKLUB (17/9/2/R)

Die Malmesbury Posduifklub huur 'n gedeelte grond waarop hul klubhuis opgerig is vanaf die Raad op 'n jaar tot jaar basis. Die huurtermyn verstryk op 31 Julie 2012.

BESLUIT

- (a) Dat 'n huurooreenkoms met die Malmesbury Posduifklub aangegaan word vir die huur van die klubhuisfasiliteit op 'n maand tot maand basis wat nie 12 maande sal oorskry nie, met ingang vanaf 1 Augustus 2012;
- (b) Dat die huurgeld vasgestel word op R10,00 plus 14 % BTW per jaar;
- (c) Dat die huurvoorwaardes wat tans geld, van krag sal bly.

8.11 OPGRADERING VAN MOORREESBURG POMPSTASIE (16/1/1/3)

Daar is in die 2010/2011 finansiële jaar 'n bedrag van R1 900 000,00 (BTW uitgesluit) begroot vir bogenoemde projek. Die suksesvolle tender het ingekom op R2 516 595,10 (BTW uitgesluit) en is daar met die Weskus Distriksmunisipaliteit ooreengekom om die tekort van R616 595,10 (BTW uitgesluit) beskikbaar te stel.

'n Formele ooreenkoms tussen die Weskus Distriksmunisipaliteit en Swartland Munisipaliteit vir die betaling van 'n gelde is op 5 Mei 2011 aangegaan.

Die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste het versoek dat die uitstaande bedrae op die projek, naamlik R373 000,00 en R616 595,10 vir die 2011/2012 finansiële jaar herbegroot word om die projek af te handel.

Die Direkteur: Finansiële Dienste ag die fondse ontvang vanaf die Weskus Distriksmunisipaliteit as 'n skenking ingevolge die MFMA, en sal dit slegs ingevolge 'n raadsbesluit vir voormelde projek aangewend kan word.

8.11/...

BESLUIT

- (a) Dat goedkeuring verleen word dat die R 616 595,10 (BTW uitgesluit) wat deur die Weskus Distriksmunisipaliteit kontraktueel geskenk is, as 'n finansieringbron vir die Withoogte Pompstasie te Moorreesburg aangewend word;
- (b) Dat Tricom (Meganiese en Elektriese Kontrakteur) uit die uitgewepos 76-20-189-9535-0 (2011/2012 finansiële jaar) betaal word;
- (c) Dat die Raad kennis neem van 'n besparing van R 1 146,38 op hierdie projek vir die 2011/2012 finansiële jaar.

8.12 INLIGTINGS- EN KOMMUNIKASIE TEGNOLOGIE: GOEDKEURING VAN BELEIDE NA AANLEIDING VAN BEVINDINGE VAN OUDITEUR-GENERAAL VAN 28 OKTOBER 2011 (5/15/1/2)

Die Ouditeur-Generaal het verskeie bevindinge gemaak m.b.t. die inligtings- en kommunikasiestelsel van die Raad gedurende die oudit van die 2010/2011 finansiële jaar.

Ten einde aandag te gee aan die bevindinge is 'n aksieplan gedurende Januarie 2012 opgestel en is *Price Waterhouse Cooper Inc.* aangestel om die munisipaliteit hierin behulpsaam te wees. Weens die uiteenlopende aard van die bevindinge is lg. firma met spesialiste op vele terreine geskik geag om die munisipaliteit by te staan.

BESLUIT

- (a) Dat die volgende dokumentasie met verwysing na die munisipale inligting- en kommunikasiestelsels formeel goedgekeur en aanvaar word vir implementering deur Swartland Munisipaliteit:
 - (i) IT Governance Framework (IT Charter);
 - (ii) Information Security Policy (Technical);
 - (iii) Information Security Policy (End User);
 - (iv) IT Strategy;
 - (v) IT Project Governance Framework;
 - (vi) Disaster Recovery Plan for the IT Function;
 - (vii) Business Continuity Plan for the IT Function;
- (b) Dat die "Information Security Policy (Technical)" aan elke bestaande en toekomstige werknemer van die munisipale IT Afdeling en stelseladministrateurs uitgereik word vir skriftelike aanvaarding;
- (c) Dat die "Information Security Policy (End User)" aan elke bestaande en toekomstige werknemer van die munisipaliteit wat toegang het of sal hê tot IT dienste uitgereik word vir skriftelike aanvaarding.
- (d) Dat die getekende sekuriteitsbeleidsdokumente (Technical and End User) opgeneem moet word in die persoonlike lêers van elke betrokke werknemer vir veilige bewaring.

8.13 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSESSE: PHELOPHEPA GESONDHEIDSTREIN (8/1/B/1, 5/8/2)

Die Phelophepa Gesondheidstrein het die Swartland munisipale area vanaf 26 September tot 29 September 2011 besoek. Die meeste vervoerondernemings is betrokke by die aanry van skoolkinders, en kon slegs een kwotasie bekom word vir die vervoer van inwoners na die gesondheidstrein.

BESLUIT/...

8.13/...

BESLUIT

- (a) Dat die aanstelling van *S & F Christians Coach & Mini-Bus Tours, t/a Salfreds* deur die Munisipale Bestuurder om passasiers te vervoer gedurende die week van 26 tot 29 September 2011, deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee gekondoneer word;
- (b) Dat kennis geneem word dat daar in die onderhawige geval van die voorgeskrewe verkrygingsprosesse afgewyk is, omrede –
 - (i) dit noodsaaklik en 'n saak van dringendheid geag word, aangesien Swartland Munisipaliteit op 'n baie laat stadium versoek was om die persone te vervoer;
 - (ii) die dienste, vir bogenoemde rede, slegs deur een diensleweraar gelewer kon word;
 - (iii) weens die dringendheid van die diens en dat die trein reeds die Swartland besoek het vanaf 26 tot 29 September 2011, dit onprakties en onmoontlik sou wees om die normale verkrygingsprosedure te volg.

8.14 UITBREIDING VAN ILINGE LETHU THUSONG DIENSSENTRUM (17/2/2)

Die Departement van Plaaslike Regering het R500 000,00 bewillig vir die uitbreiding van die Ilinge Lethu Thusong Dienssentrum.

Een van die strategieë om volhoubaarheid van die sentrum te verseker is om verskeie regeringsdepartemente permanent in die sentrum te vestig en sodoende 'n huurinkomste te bewerkstellig.

Statistieke toon dat die dienste wat deur die *South African Social Security Agency (SASSA)* gelewer word, die meeste ondersteun word deur die publiek. Daar is dus met die Departement van Plaaslike Regering ooreengekom dat die befondsing vir die volgende behoeftes aangewend sal word:

- (1) SASSA-kantoor;
- (2) een multi-funksionele kantoor vir besoeke van verskeie regeringsdepartemente;
- (3) spasie vir naaldwerkprojek;
- (4) stoorplek;
- (5) telesentrum.

'n Bespreking volg aangaande 'n meer sentrale ligging vir soortgelyke kantore, aangesien die sentrum in Ilinge Lethu nie toeganklik is vir die breë gemeenskap nie.

BESLUIT

- (a) Dat die befondsing van R500 000,00 van die Departement van Plaaslike Regering vir die uitbreiding van die Ilinge Lethu Thusong Dienssentrum aangewend word;
- (b) Dat befondsing vir die bou van 'n Malmesbury Thusong Dienssentrum bekom word ten einde spasie te voorsien vir 'n volle diens deur SASSA en ander regeringsdepartemente, op die voorwaarde dat SASSA en enige ander departement skriftelik instem om 'n 10 jaar huurkontrak te onderteken ten einde finansiële volhoubaarheid te verseker;
- (c) Dat 'n Malmesbury Thusong Dienssentrum in Saamstaan gevestig word en die Ilinge Lethu Dienssentrum mettertyd 'n satelliet word van die Malmesbury Thusong Dienssentrum;
- (d) Dat 'n huurooreenkoms met SASSA aangegaan word, alvorens die beplande uitbreidings by die Ilinge Lethu Thusong Dienssentrum deur SASSA geokkupeer word;
- (e) Dat opdrag aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste gegee word om te poog om op 'n kwartaallikse basis 'n verslag t.o.v. dienslewering deur ander regeringsdepartemente, insluitend SASSA, te bekom vir voorlegging aan die Raad, om sodoende statistieke op te bou om ook hierdie departemente te kan akkommodeer wanneer nuwe Thusong Dienssentrums beplan word.

8.15 ARGITEKTONIESE ONTWERPSHANDLEIDING VAN DIE PARADYSKLOOF ONTWIKKELING (ERF 5374), MOORREESBURG (12/2/5/4-9/5, 15/3/6-9) (WYK 2)

Die hersonering en die onderverdeling van erf 2854 en 'n gedeelte van erf 42 (nou erf 5374), Moorreesburg is reeds in 2007 deur die Raad goedgekeur. Die onderverdelingsgebied is finaal op 31 Oktober 2011 ingevolge gedelegeerde bevoegdheid goedgekeur.

Die argitektoniese ontwerpshandleiding van die "Paradyskloof Ontwikkeling Moorreesburg" is ontvang en deur die Afdeling: Beplanning nagegaan.

BESLUIT

Dat die argitektoniese ontwerpshandleiding vir die Paradyskloof Ontwikkeling op erf 5374, Moorreesburg ingevolge artikel 29 van Ordonnansie 15 van 1985 goedgekeur word.

8.16 VOORGESTELDE HERSONERING VAN GEDEELTE 5 VAN PLAAS VIER FONTEIN NO. 553, AFDELING MALMESBURY (15/3/3-15) (WYK 5)

Die aansoek is op 17 Junie 2011 terugverwys ten einde die eienaar geleentheid te gee om aan al die riglyne ten opsigte van 'n oordontwikkeling te voldoen.

Addisionele inligting is deur die eienaar voorsien wat deur die Afdeling: Beplanning nagegaan is. Laasgenoemde is van mening dat die voorgestelde oordontwikkeling steeds nie voldoen aan die beginsels van vakansie-akkommodasie, asook die kriteria van 'n unieke hulpbron in 'n oordkonteks soos voorgeskryf deur die "guidelines for resort developments in the Western Cape" nie, en derhalwe nie as 'n oord geklassifiseer kan word nie.

'n Volledige bespreking aangaande die wenslikheid, al dan nie van die aansoek word in die verslag tot die sakelys bevat.

BESLUIT

- (a) Dat die aansoek om hersonering van 'n gedeelte van Gedeelte 5 van Plaas Vier Fontein No. 553 (groot ±7030m²), Afdeling Malmesbury ingevolge artikel 16(1) van Ordonnansie 15 van 1985 vanaf landbousone I na oordsone I ten einde 7 selfsorgeenhede te vestig, afgekeur word en wel vir die volgende redes:
- (i) die voorgestelde oordontwikkeling voldoen nie aan die beginsels van vakansie-akkommodasie asook die kriteria van 'n unieke hulpbron in 'n oordkonteks soos vervat in die "Guidelines for Resort Developments in the Western Cape" nie, en kan derhalwe nie as 'n oord geklassifiseer word nie;
 - (ii) die feit dat die eenhede slegs vir akkommodasiegeriewe gebruik gaan word, is dit nie sinvol om landbouregte permanent na oordregte te verander wanneer daar oorweging geskenk kan word vir 'n vergunningsgebruik (addisionele wooneenhede tot 'n maksimum van 5 eenhede) binne die bestaande landbouregte;
- (b) Dat die aansoeker/applikant op sy reg tot appèl gewys word.

8.17 ONGESKIK VERKLARING VAN SNUFFELHOND, JESSIE (17/5/3)

Die Swartland Munisipale Polisie diens het in 2007 'n snuffelhonde-eenheid met vier honde gevestig. Jessica, een van die honde is in 2009 ongeskik verklaar.

'n Verslag is vanaf die veearts ontvang wat nou ook Jessie ongeskik verklaar vir haar werk as snuffelhond.

BESLUIT/...

8.17/...

BESLUIT

- (a) Dat daar kennis geneem word dat die snuffelhond, Jessie nie meer geskik is om haar werk te doen nie en as sulks deur die veearts ongeskik verklaar is;
- (b) Dat goedkeuring verleen word dat Jessie aan mnr Niel Afrika geskenk word, onderhewig daaraan dat –
 - (i) sy nie as snuffelhond aangewend mag word nie, maar slegs as 'n troeteldier;
 - (ii) sy nie verkoop/verhuur mag word sonder die vooraf goedkeuring deur die Direkteur: Beskermingsdienste nie.

8.18 AFWYKING VAN DIE VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURE: HUISVESTING VAN DRIE (3) SNUFFELHONDE BY “DOGS AND ALL” (17/5/3)

Goedkeuring is gedurende 2010 verleen om die snuffelhonde by “Dogs and All” te huisves, waarvan die goedkeuring op 30 Junie 2012 verval het.

'n Kwotasie is weer vanaf “Dogs and All” aangevra om voort te gaan met die diens in die nuwe finansiële jaar wat nie slegs die huisvesting van die honde insluit nie, maar ook afrigting/oefening een keer per week.

BESLUIT

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee versoek word om die aksie om afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedure in hierdie geval toe te laat in terme van klousule 36(2) van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid, omrede –
 - (i) daar met die enkele kwotasie van “Dogs and All” ten bedrae van R55 000,00 (BTW uitgesluit) volstaan word vir die huisvesting van die drie snuffelhonde, aangesien hul die enigste verskaffer van hierdie tipe diens in die Swartland is;
- (b) Dat die optrede van die Munisipale Bestuurder ten opsigte van die goedkeuring om voort te gaan met die aanstelling van “Dogs and All” gekondoneer word;
- (c) Dat die Bestuurder: Finansiële State en Beheer, mnr C Gerber, in terme van klousule 36(2) van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om die gemelde redes as nota by die betrokke finansiële state in te sluit wanneer dit opgestel word.

8.19 AANSOEK OM ADDISIONELE DAG VERLOF: MUNISIPALE BESTUURDER (4/8/3)

Die Munisipale Bestuurder se verlof vanaf 2 tot 13 Julie 2012 is op 13 Junie 2012 deur die Uitvoerende Burgemeester goedgekeur.

Die Munisipale Bestuurder kon egter nie sy terugreis op die beplande dag onderneem nie, aangesien die N1-roete tussen Richmond en Drie Susters vir 24 uur gesluit was weens die buitengewone sneeuval in die binneland.

BESLUIT

Dat goedkeuring verleen word vir die neem van 'n addisionele dag verlof op 16 Julie 2012 deur die Munisipale Bestuurder.

8.20 VERSLAG AANGAANDE DIE IMPLEMENTERING VAN DIE VOORSIENINGSKANAAL-BESTUURSBELEID: 2011/2012 (8/1/B/2)

Die *Supply Chain Management Regulations* bepaal dat daar 30 dae na afloop van die finansiële jaar gerapporteer word aangaande die implementering van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid gedurende die betrokke jaar.

8.20/...

BESLUIT

- (a) Dat daar kennis geneem word van die Jaarverslag van die 2011/2012 finansiële jaar aangaande die implementering van die Supply Chain Management;
- (b) Dat daar verder kennis geneem word dat die rapportering ingevolge Regulasie 6(2)(a) binne 30 dae na die einde van die finansiële jaar gedoen is, soos voorgeskryf.

8.21 SWARTLAND MUNISIPALITEIT/ESKOM: BEFONDSINGSOORENKOMS INSAKE GRATIS BASIESE ELEKTRISITEIT (5/8/B)

Die munisipaliteit is reeds sedert 2003 in 'n ooreenkoms met Eskom rakende die verskaffing van gratis basiese elektrisiteit aan deernishuishoudings, welke ooreenkoms telkens vir 'n periode van drie jaar is.

Die nuutste ooreenkoms vir die periode 1 Julie 2012 tot 30 Junie 2015 is met die sakelyst gesirkuleer, en behels dat die gratis basiese elektrisiteit (tot 'n maksimum van 50KWh) wat deur Eskom aan kwalifiserende huishoudings in die Eskom-verspreidingsarea gelewer word, op 'n maandelikse grondslag aan Eskom oorbetal word, vanuit die Equitable Share-toekenning.

BESLUIT

- (a) Dat volmag verleen word aan die Munisipale Bestuurder (of sy gedelegerde) om die ooreenkoms met *Eskom Holdings Soc Limited* rakende die befondsing van basiese elektriese dienste ten opsigte van huishoudings wat ingevolge die Munisipaliteit se Deernissubsidiebeleid kwalifiseer, te mag onderteken, vir die periode 1 Julie 2012 tot 30 Junie 2015;
- (b) Dat akkoord gegaan word met die aanvaarding van die uitbreiding van vermeldde ooreenkoms, onderhewig daaraan dat die tarief van R0,6335/KWh deur NERSA goedgekeur word.

**(GET) T VAN ESSEN
UITVOERENDE BURGEMEESTER**